**MONTANAPARK SELGROEP**

**12 FEBRUARIE 2025, DIE FOKUS VAN PAULUS SE BEDIENING**

As agtergrond vir die sendbriewe van Paulus wat ons in die komende weke gaan bespreek, vertel Jean vanaand vir ons van die omstandighede waarin Paulus hierdie groot taak aangepak het. Voordat ons daarmee begin, kom ons kyk na wat ek dink sy lewe mooi opsom. Ons lees Filippense 3:1-21.

1. Hy het rede gehad om op die vlees (homself) te vertrou en noem sewe aspekte wat deel van sy CV was. Hy was:
    a. besny op die agtste dag;
    b. uit die geslag van Israel;
    c. uit die stam van Benjamin;
    d. 'n opregte Hebreër;
    e. 'n Fariseër;
    f. 'n vervolger van die gemeente; en
    g. onberispelik in die uitvoering van die wet.

2. Dit is wat hy as wins gehad het, en hy het dit tot sy voordeel gebruik.

3. Hy ag dit alles egter nou as skade, ter wille van Christus en die evangelie. Hy het dit alles prysgegee, en beskou dit as drek sodat hy:
    a. Christus as wins kan kry;
    b. in Hom gevind mag word; en
    c. Hom kan ken.

4. Hy ken Hom in die krag van sy opstanding en vereenselwiging met sy lyde.

5. Hy word aan die dood van Christus gelykvormig sodat hy ook die opstanding van die dode kan bereik.

6. Hy weet dat hy nog nie volmaak is hierin nie, maar hy werk doelgerig daaraan. Hy jaag dit asof hy dit kan gryp.

7. Hy weet egter dat hy nog nie die finale stap van dood na lewe ervaar het nie, maar hy vergeet dit wat gebeur het en reik uit na wat voor is om die prys te kry – daardie vyf krone wat ek vroeër genoem het.

8. Hy bemoedig sy lesers om dieselfde gesindheid te hê.

**WAT VAN JOU?**

Het jy dieselfde gesindheid? Paulus noem dat as jy nie dieselfde gesindheid het nie, God dit aan jou sal openbaar. Jy met net gereed wees om te luister. Ons het 'n verwagting, ons burgerskap in die hemele. Hierdie verwagting sal egter eers verwerklik word wanneer Jesus vanuit die hemele terugkom om ons liggaam te verander sodat ons aan Hom gelykvormig kan wees. Dit is iets om na uit te sien en maak die stryd wat ons op aarde het, die moeite werd. Kom ons reik uit na wat voor is en leef met die gesindheid van Paulus.